

OM OPPERVLAKTE TE KAN BEPAAL DEUR METING EN BEREKENING*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 NATUURWETENSKAPPE

2 Materie, Meting en Reaksies

3 Materie en Meting

4 OPVOEDER AFDELING

5 Memorandum

1. My metode:

$$\begin{aligned} \text{Oppervlakte} &= l \times b \\ &= 6 \text{ cm} \times 10 \text{ cm} \\ &= 60 \text{ cm}^2 \end{aligned}$$

2. $A = \ell \times b$

Area (oppervlakte) = lengte vermenigvuldig met breedte

Jy gebruik hierdie formule om die oppervlakte van 'n reghoek te bepaal.

3. 25 cm^2

6 LEERDER AFDELING

7 Inhoud

7.1 AKTIWITEIT: Om oppervlakte te kan bepaal deur meting en berekening [LU 1.2]

Het jy al iemand hoor sê: "Die huis se grootte is 150 vierkante meter (150 m^2)"? Is julle seker dat julle die term **vierkante** meter verstaan?

Kyk na die skets:

Elke blokkie stel een vierkante meter voor. 'n Vierkante meter is 'n vierkantige oppervlakte waarvan elke sy een meter lank is.

As ons dus sê die oppervlakte van fig. X is 100 m^2 , bedoel ons dat ons een- honderd oppervlaktes van 1 m^2 daarin kan plaas. 'n Mens sou elke blokkie kon tel om die grootte van die oppervlakte te bepaal, maar daar is 'n korter metode.

*Version 1.1: Mar 24, 2009 2:46 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>


Indien die lengte van die een sy (10 m) vermenigvuldig word met die lengte van die ander sy (10 m), word die aantal vierkante meterblokkies wat in die totale oppervlakte kan inpas (100), verkry ($10 \text{ m} \times 10 \text{ m} = 100 \text{ m}^2$).

1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									
1m^2									

Table 1

Fig. X

1. Hoe sal jy die oppervlakte van die volgende reghoek bepaal? (Elke blokkie is 1 cm^2) Die lengte van hierdie reghoek is 100 mm en die breedte is 60 mm.

**Table 2**

My metode:

(5)

2. Wat beteken die volgende formule: $A = \ell \cdot b$?

3. Pas die volgende formule toe om die oppervlakte van die gegewe driehoek te bepaal:




Figure 1

b staan vir die lengte van die basis

h staan vir die hoogte van die loodregte lyn

- My antwoord (geskat): _____
- My antwoord (bereken volgens die gegewe formule): _____

(2)

8 Assessering

Leeruitkomste 1: Die leerder is in staat om met selfvertroue op weetgierigheid oor natuurlike verskynsels te reageer, en om binne die konteks van wetenskap, tegnologie en die omgewing verbande te ondersoek en probleme op te los.

Assesseringstandaard 1.2: Dit is duidelik wanneer die leerder ondersoeke uitvoer en data versamel; organiseer en gebruik apparaat/toerusting of bronne om inligting in te win en te noteer.